**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 09/2008

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

*versus*

**AUBUTI DITHOKO**

---

**CORAM:** HANCKE R *et* VAN ZYL R

---

**UITSPRAAK:** HANCKE R

---

**GELEWER OP:** 31 JANUARIE 2008

---

Die beskuldigde hierin het tereggestaan op 'n aanklag van verkragting (en nie aan oortreding van artikel 50(a) en 48(1)(2)(a) en (b) van Wet 16 van 1998, soos aangedui deur die J4 nie). Alvorens die saak afgehandel kon word, het die bande wat vir transkripsie gestuur is, verlore geraak. Insgelyks het die landdros se handgeskrewe notas op onverklaarbare wyse uit sy kantoor verdwyn.

Die landdros gee te kenne dat hy nie instaat is om die notule sinvol te konstrueer nie, en lê dit nou voor as 'n spesiale hersiening in terme van artikel 304A van Wet 51 van 1977 met die versoek dat die verrigtinge tersyde gestel word. Na my mening is dit gepas dat daar aan hierdie versoek voldoen word.

Bygevolg word die verrigtinge tersyde gestel en gelas dat die saak

*de novo* voor 'n ander streekhoflanddros verhoor word.

**S.P.B. HANCKE, R**

Ek stem saam.

**C. VAN ZYL, R**

/sp